basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE TAAL V1**

**HOËR GRAAD**

**2014**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG: Vraestel 1
1021

10211

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

X05

3

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1, 2 en 3)
   AFDELING B: Opsomming (VRAAG 4)
   AFDELING C: Kommunikatiewe taalgebruik (VRAAG 5, 6 en 7)

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde soos wat die vrae genommer is.

5. Begin ELKE VRAAG (VRAAG 1–7) boaan 'n NUWE bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Beplan jou tyd.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

Lees die koerantartikel goed deur en beantwoord die vrae.

# TSHEPO 10 000-PROJEK GEE WERKLOSE JONGMENSE HOOP



1 Duisende jong, werklose Pretorianers sal binnekort hoop op ŉ beter toekoms hê, glo die burgemeester van Tshwane, Kgosientso Ramokgopa.

2 Ramokgopa het gister *Tshepo 10 000*, ŉ multimiljoenrand-entrepreneurs-projek, in Tshwane bekendgestel. Die woord "Tshepo" beteken "hoop" in Sotho en hierdie projek gaan help om werkloosheid onder 10 000 jongmense tussen 21 en 35 jaar oud in Pretoria te verminder. Jongmense wat aansoek doen om deel van die projek te wees, moet kan bewys dat hulle in Tshwane woon en ID-dokumente het.

3 "Ons het alreeds drie probleme in die stad geïdentifiseer – armoede, werkloosheid en ongelykheid. Die jongmense wat aan die projek gaan deelneem, sal ons help om iets aan hierdie probleme te doen," het Ramokgopa gesê. "Die idee is om jongmense se vaardighede te ontwikkel, om vir hulle werk te skep en om entrepreneurs van hulle te maak."

4 Jason Ngobeni, die munisipale bestuurder van Tshwane, het gesê die munisipaliteit begroot jaarliks R1,8 miljard vir private maatskappye net om die stad te onderhou en skoon te hou. Dit sluit die sny van gras, regmaak van slaggate in teerpaaie en die omruil van straatgloeilampe in. In die toekoms gaan die jongmense wat vir *Tshepo 10 000* registreer, die private maatskappye help om die werk te doen. Volgens Ngobeni sal die munisipaliteit dus slim te werk gaan met die projek.

5 Sodra hierdie jongmense basiese opleiding ontvang het, sal die Tshwane-munisipaliteit hulle verder gebruik om te help met die teer van paaie en om elektrisiëns by te staan met elektrisiteitsprobleme. Die mense sal ook help om huise in die townships te bou. "Projekte soos *Tshepo 10 000* help uiteindelik om die ekonomiese situasie in die land te verbeter," het Ngobeni gesê.

6 Die jongmense sal in fases ingeneem word, want dit is onmoontlik om die hele 10 000 tegelyk te begin oplei. Van die 10 000 sal hulle 2 500 kandidate per kwartaal oplei. Die jongmense sal dan volgens hul vaardighede en opleiding wat hulle gekry het, in die stad se verskillende departemente geplaas word om te werk.

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| 7 | Ná drie maande sal die beste 2 000 jongmense by die Universiteit van Pretoria en die Tshwane-Universiteit van Tegnologie verder opgelei word. Alles sal gedoen word om te verseker dat al 10 000 jongmense aan die einde van die projek ’n goeie werk het. |
| | [Verwerk uit: *Beeld,* 26 Julie 2013] |

Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie. Gee slegs die antwoord.

1.1 Wie is Kgosientso Ramokgopa? (1)

1.2 Gee TWEE redes waarom die naam van die projek so goed pas. (2)

1.3 Gee die datum waarop die projek bekendgemaak is. (1)

1.4 Hierdie projek is bedoel vir die <u>hele land</u> se jongmense.

1.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1. (1)

1.5 Watter TWEE vereistes is daar vir jongmense om aan die projek deel te neem. (2)

1.6 Noem TWEE probleme wat die Tshwane-munisipaliteit wil probeer oplos. (Paragraaf 3) (2)

1.7 Op watter TWEE maniere gaan die Tshwane-munisipaliteit hierdie jongmense se lewenskwaliteit verbeter? (Paragraaf 3) (2)

1.8 Van wie se dienste het die Tshwane-munisipaliteit tot nou toe gebruik gemaak? Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE. (1)

1.9 Watter antwoord voltooi die onderstaande sin KORREK? Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Paragraaf 4: As Tshwane “slim te werk gaan met die projek” beteken dit dat …

A hulle nie meer ’n begroting vir werkers gaan hê nie.
B hulle ná die projek die jongmense in diens gaan neem.
C die versorging en skoonhou van die stad verniet gaan wees.
D die projek vir opleiding gaan betaal, maar nie vir die werk nie. (1)

1.10 Noem EEN soort werk wat hierdie jongmense na hulle basiese opleiding sal help doen. (1)

1.11 Wat sal ’n projek soos *Tshepo 10 000* vir Suid-Afrika beteken? (1)

1.12 Gaan al 10 000 jongmense dieselfde tyd opgelei word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Wat sal die beste 2 000 kandidate ontvang? (1)
**[18]**

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie goed deur en beantwoord die vrae.

Teken in op **Beeld**



- **Ontvang eerste maand GRATIS***
- **15% korting daarna***
- **GRATIS toegang tot Beeld.com**

***Slegs per debietorder.**






**TEL.: 0861 233 531 (tolvry)**

**SMS "nuut" na 33401**

**intekenare.noord@media24.com**

**INTEKENTERMYN:**
**Maandeliks per debietorder (Ma.–Sa.): R165,74**
**Maandeliks per debietorder (Ma.–Vr.): R138,11**

**Neem kennis van die volgende: Slegs nuwe *Beeld*-intekenare mag deelneem en nie bestaande intekenare nie. • Die *Beeld*-intekenprys word jaarliks verhoog. • SMS'e kos R1,50 elk. • Let wel: Die aflewering vind slegs binne *Beeld* se verspreidingsgebied plaas.**

[Verwerk uit: *Beeld*, 24 Julie 2013]

Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie. Gee slegs die antwoord.

2.1 Watter TWEE voordele kry 'n mens as jy op *Beeld* inteken? (2)

2.2 'n Mens kan op verskillende maniere vir *Beeld* betaal as jy daarop inteken.

2.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (1)

2.3 Waarom, dink jy, het hierdie advertensie ŉ prentjie van ŉ koppie koffie en iets om te eet daarby? (1)

2.4 Watter EEN van die maniere om met *Beeld* kontak te maak, gaan jou geen geld kos nie? Motiveer jou antwoord. (2)

2.5 Kan almal wat belangstel, inskryf om die voordele te kry? Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD aan te haal. (1)


2.6 Waaruit lei jy af dat die prys van die koerant nie altyd dieselfde gaan bly nie? (1)


2.7 Waar kan *Beeld*, volgens die advertensie, afgelewer word? (1)
**[10]**

**VRAAG 3: WEERKAART**

Lees die weerkaart goed deur en beantwoord die vrae.

**Die weer in Beeld** geborg deur pharma dynamics




**Sontye**

(Johannesburg)
Sonop: 06:27
Son sak: 17:53

**Die week se weer**

(Johannesburg)
Môre: 08/20. Sonnig en matig
Oormôre: 07/21. Sonnig en warm

**Wêreldtemperature**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Amsterdam | 14/25 | Londen | 13/24 |
| Athene | 29/34 | Los Angeles | 20/33 |
| Bangkok | 36/34 | New York | 21/28 |
| Beijing | 22/33 | Parys | 16/25 |
| Berlyn | 15/22 | Perth | 09/18 |
| Chicago | 21/30 | Rome | 20/28 |
| Dublin | 16/21 | Tokio | 22/29 |
| Hongkong | 25/29 | Washington | 17/27 |
| Jerusalem | 15/31 | Wene | 16/18 |

[Verwerk uit: *Beeld*, 26 Augustus 2013]

Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie. Gee slegs die antwoord.

3.1 Wie betaal vir hierdie weerkaart om in *Beeld* te verskyn? (1)

3.2 Watter wêreldstad gaan dieselfde temperatuur as Phalaborwa hê? (1)

3.3 Waar in die binneland was die maksimumtemperatuur die hoogste? (1)

3.4 Watter stad langs die kus van Suid-Afrika gaan in die dag die koudste wees? (1)

3.5 Noem die DRIE weersimbole wat op die weerkaart van Suid-Afrika verskyn. (3)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4**

**WENKE OM EFFEKTIEF TE KLA**

**INSTRUKSIES**

- Lees eers die onderstaande artikel goed deur.
- Skryf SEWE wenke neer oor hoe om effektief te kla.
- Skryf elkeen van die wenke in jou eie, goeie volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke manier skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat ŉ reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 100 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

## WENKE OM EFFEKTIEF TE KLA

1 Hier volg ŉ paar wenke as jy suksesvol wil wees wanneer jy oor iets gaan kla.

2 Enige transaksie vir ŉ produk of diens moet ŉ koopkontrak hê. Maar jy moet wéét wat in die koopkontrak staan om seker te maak of jy oor iets kan gaan kla. Jy kan nie oor ŉ tweedehandse motor se pap battery wil kla, as jou koopkontrak nie ŉ nuwe battery insluit nie.

3 Die grootste fout wat jy kan begaan, is om dokumente weg te gooi: alles van koopkontrakte, fakture, kwitansies en fakse tot kopieë van e-posse. Bêre dus alle dokumentasie vir die dag wanneer jy ŉ rede het om te gaan kla.

4 Wanneer jy gaan kla, moet jy jou emosies beheer. Die persoon wat daagliks oor en oor verskillende klagtes aanhoor, sluit hom- of haarself maklik van emosionele mense af.

5 Om in die bank by verskillende mense soos ŉ ontvangsdame, ŉ teller, ŉ finansiële bestuurder én nog die bankbestuurder te gaan kla, gaan jou benadeel. Moenie tegelyk by ŉ klomp persone gaan kla nie. Jou naam kom onderaan elkeen se lysie en hulle weet dalk nie dat jy ook by iemand anders gaan kla het nie.

6 As ŉ junior werknemer nie jou klagte kan hanteer nie, moet jy dit nie daar laat nie. Vra om met ŉ senior persoon te gesels oor jou klagte as jy ongelukkig is oor die diens. Moenie moed verloor nie.

7 Wees versigtig as jy jou klagte op skrif stel. Moenie die hele klagte in hoofletters met ŉ klomp vraagtekens of uitroeptekens skryf nie. Dit skep nie ŉ goeie indruk nie. Wees eerder vriendelik en hoflik.

8 Tyd is vir almal kosbaar. Sorg dat jou klagte, mondeling of skriftelik, kort, eenvoudig en duidelik gestel word.


[Verwerk uit: Huisgenoot, 27 Junie 2013]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

### VRAAG 5: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die prent hieronder.




[Uit: *Beeld*, 26 Augustus 2013]

**INSTRUKSIES**

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- **Skryf net die vraagnommer 5.1–5.24 en die antwoord neer.**

| | |
|---|---|
| Marie Buckman is 5.1 (baie kwaad) want die oorvol rommelhouer op die 5.2 (sypadtjie/ sypadjie/sypaadjie) voor haar huis is 'n seer 5.3 (hart/oog/kop). Die Buckman gesin is 5.4 (nuut) intrekkers in die woonbuurt. | 5.1 Gee EEN woord.<br>5.2 Kies die korrekte vorm.<br>5.3 Kies die korrekte woord.<br>5.4 Gee die korrekte vorm. |
| Haar seun wil 5.5 (universiteit/universityt) toe gaan en hulle het besluit om 'n 5.6 (studie + kamer) aan te bou. Hulle het die rommelhouer nodig 5.7 (gehaat/gehad) om die bou-afval in te gooi, maar die 5.8 (erg) van alles is dat mense hulle kosafval bo-op die bou-afval kom gooi het. | 5.5 Kies die korrekte spelling.<br>5.6 Gee EEN woord.<br>5.7 Kies die korrekte woord.<br>5.8 Gee die korrekte vorm. |


| | |
|---|---|
| Die 5.9 (mense wat gaan stap) het al gevra waarom Marie niks aan hierdie rommelhouer doen wat so sleg 5.10 (reuk) nie. Hulle sê sy moet 5.11 (ys/eis) dat die munisipaliteit die rommelhouer kom verwyder. Ook Marie-hulle se 5.12 (buurman) het al gekla oor die reuk. Sy sê die kosafval lok baie 5.13 (vlieg) en dat dit 5.14 (higiënies) is! | 5.9 Gee EEN woord.<br>5.10 Gee die korrekte vorm.<br>5.11 Kies die korrekte woord.<br>5.12 Gee die teenoorgestelde geslag.<br>5.13 Gee die korrekte vorm.<br>5.14 Gee die antoniem. |
| Toe Marie gevra het vir die rommelhouer, was die diens baie 5.15 (goeie). Marie het die vrou 5.16 (wat/wie) haar gehelp het, so 'n mooi 5.17 (komplimenteer) gegee. Die munisipale beamptes het vriendelik 5.18 (op/aan/vir) al die oproepe van die publiek gereageer en hulle was baie behulpsaam. Marie het selfs gedink dat hierdie munisipaliteit 5.19 (goed) as ander munisipaliteite is, 5.20 (as gevolg van) die vinnige manier 5.21 (op + wat) hulle 5.22 (onmiddellik) aandag gegee het aan haar versoek. | 5.15 Gee die korrekte vorm.<br>5.16 Kies die korrekte woord.<br>5.17 Gee die korrekte vorm.<br>5.18 Kies die korrekte voorsetsel.<br>5.19 Gee die korrekte vorm.<br>5.20 Gee die afkorting.<br>5.21 Gee EEN woord.<br>5.22 Gee die sinoniem. |
| Na nog twee oproepe het sy uitgevind dat die werkers besig is met 'n 5.23 (staak). Daarom kry sy op die oomblik geen 5.24 (saam+werk) van die munisipaliteit nie! | 5.23 Gee die korrekte vorm.<br>5.24 Gee EEN woord. |

(24 ÷ 2) **[12]**

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die inligting hieronder gebaseer.

# CHARLIZE THERON: "Die een" vir Sean Penn



Nou toe nou! Lyk dié twee nou nie net soos 'n doodgewone paartjie wat op 'n Saterdag-oggend gaan inkopies doen nie? Maar dié twee verliefdes is nie doodgewone mense nie: hulle is die room van Hollywood se talent met drie Oscars tussen hulle en miljoene in die bank.

[Uit: *Huisgenoot*, 6 Februarie 2014]

6.1 Rangskik die volgende groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde. Skryf die hele sin uit.

6.1.1 Fotograwe het (in 'n supermark) (op 'n Saterdagoggend) (in die geheim) foto's van Charlize, Sean en Jackson geneem. (1)

6.2 Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

6.2.1 Charlize Theron en Sean Penn moet soos enige iemand anders inkopies gaan doen.
Gister … (1)

6.2.2 Sean het vir Jackson gesigte getrek om die kind te laat lag.
Om die kind te laat lag … (1)

6.2.3 Die mense het mekaar afgevra: "Gaan dié twee dalk met mekaar trou?"
Die mense het mekaar afgevra of … (1)

6.2.4 Jackson moet eintlik 'n ma en 'n pa hê.
Jackson behoort … (1)

6.2.5 Een fotograaf sê dat dié twee verliefdes nie doodgewone mense is nie.
Een fotograaf sê: " … . " (1)

6.2.6 Charlize en Sean het drie Oscars gewen.
Drie Oscars … (1)

6.2.7 Charlize en Sean doen baie liefdadigheidswerk.
Baie liefdadigheidswerk … (1)

6.2.8 Charlize is vir Sean net die regte meisie.
In die toekoms … (1)

6.2.9 Die Suid-Afrikaners het altyd gedink Charlize sal met ŉ Amerikaner trou.
Nee, die Suid-Afrikaners … (2)

6.2.10 Die Suid-Afrikaners voel hulle moet in Suid-Afrika kom trou.
Die Suid-Afrikaners voel hulle hoef nie … (1)

6.3 Verbind elke keer die twee sinne en begin soos aangedui.

6.3.1 Charlize het die tweejarige Jackson aangeneem. Sy het ŉ gemis in haar lewe gevoel. (omdat)
Charlize het die tweejarige Jackson aangeneem omdat … (1)

6.3.2 Sean het Jackson heeltyd in die supermark laat lag. Die kind het die inkopies geniet. (daarom)
Sean het Jackson heeltyd in die supermark laat lag, daarom … (1)

6.3.3 Charlize gee baie om vir mense. Sy gee aandag aan kinders sonder ouers.
Aangesien Charlize … (1)

6.3.4 Charlize het self net ŉ ma. Haar ma het haar met groot liefde grootgemaak.
Charlize het self net ŉ ma wat … (1)

6.4 Verander die volgende sin in ŉ vraagsin. Die onderstreepte gedeelte is die antwoord.
Charlize het besluit <u>om haar kind die beste te gee</u>. (1)

6.5 Verander die volgende sin in ŉ bevelsin.
Charlize se ma wil hê sy moet gelukkig wees. (1)
**[18]**

## VRAAG 7: KOMMUNIKASIE

### INSTRUKSIES

- Bestudeer die prente in hierdie vraag.
- Lees die situasie by elke prent.
- Voer dan die opdrag uit.

7.1 **WAARDERING UITSPREEK**



[Uit: Google images]

Situasie: Jou onderwyseres het baie geduldig vir jou iets verduidelik wat jy nie verstaan het nie.

Opdrag: Wat sal jy sê om te wys hoeveel jy haar hulp waardeer? (Nie meer as 20 woorde nie.)

Jy: " … " (2)

7.2 **IEMAND GERUSSTEL**




[Uit: *Afrikaans sonder grense gr. 12*]

Situasie: ŉ Man en sy hond slaap terwyl die dief sy televisiestel steel. Jou ma is bekommerd dat iemand net so maklik by julle huis sal kan inbreek.

Opdrag: Hoe sal jy jou ma oortuig dat sy nie bekommerd moet wees nie? (Nie meer as 20 woorde nie.)

Jy: " … " (2)

7.3 **DANKIE SÊ VIR DIE KOS**



[Uit: *Google Images*]

Situasie: Die gesin eet saam ontbyt. Die pa het die ontbyt voorberei en hy vra sy seun of die kos lekker lyk.

Hoe gaan die seun sy pa mooi bedank vir die lekker bord kos?

Opdrag: Kies EEN van die volgende moontlikhede.

A Ek is nie so baie honger nie, dankie.
B Pa, ek is vanoggend sommer baie honger.
C Dankie, Pa, ek is honger en die ontbyt lyk heerlik.
D Ek sal nie soveel kos inskep as ek dit nie gaan eet nie. (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**
**GROOTTOTAAL: 80**